

KENNISGEWING VAN OMGEWINGS IMPAK STUDIE (OIS)

Verhoging van ysterertstuitvoerkapasiteit van die Sishen – Saldanha Spoorlyn na 93 Miljoen Ton Per Jaar (MTPJ)

Ingevolge Regulasie 4(6) van Staatskennisgewing No. R1183 onderafdeling 26 van die Wet op Omgewingsbewing (Wet no 73 van 1989) word hiermee kennis gegee van die voorneme om die beoogte aktiwiteit hierin beskryf uit te voer:

Aktiwiteit:

Spoornet ('n divisie van Transnet Bpk) ondersoek die moontlikheid om die ertsdraende kapasiteit van die spoorlyn tussen Sishen (Noord-Kaap) en Saldanha (Wes-Kaap) van die bestaande goedgekeurde 41MTPJ tot 93MTPJ te verhoog, om aan die vervoerbehoefte van erts uitvoerders te voldoen.

Die verhoging van kapasiteit kan op verskillende maniere bereik word, onder andere die volgende:

- die bedryf van langer en swaarder treine (420 trokke), en / of meer treine per week,
- die verlenging van kruisingslusse insluitende gepaardgaande infrastruktuur soos paaie, brûe en stormwater duikers, waar nodig,
- die verskaffing van addisionële spoorlyne en instandhoudingsfasiliteite in sekere werwe,
- die opgradering van bedryfsinfrastruktuur insluitende kommunikasie- en sinjaleringstelsels, asook elektrisiteit toevoer vir trekkrag, soos benodig, en
- die moontlike verdubbeling van die spoorlyn of dele daarvan.

Bestek:

In die Wes-Kaap is daar 5 kruisingslusse vanaf Salkorwerf (Saldanha), naamlik Dwarskersbos (Lus 1) tot Saggiesberg (Lus 5). Daar is ook 14 kruisingslusse in die Noord-Kaap tussen die Loeriesfontein area in die Suide (Lus 6) en Sishen (Erts) na die Noorde. Die spoorlyn van 861 km en spesifiek die 19 lusse is die fokus van hierdie OIS.

Aansoeker:

TRANSNET Bpk, handeldrywend as SPOORNET.

Konsultant: SHE Cape Environmental (CC), Posbus 471, Paarden Eiland, 7420.

Fax: 021 – 553 1851. E-pos: info@shecape.co.za

Om te verseker dat u as 'n belangstellende of geaffekteerde party geidentifiseer word, voorsien asseblief die konsultant van u naam, kontakligting en die aard van u belangstelling voor of op **4 Desember 2006**.

